**Konflik van belange? Indien jy twyfel, verklaar!**




http://search.dilbert.com/comic/Conflict%20Of%20Interest

Die Raad van die Universiteit Stellenbosch (US) het in April 2013 'n institusionele beleid oor *Konflik van Belange* goedgekeur. Hierdie beleid, van toepassing op enigiemand wat op een of ander wyse met die US geaffilieer is (hetsy as 'n akademiese personeellid, ondersteuningspersoneel of lid van die bestuur van die universiteit, studente of raadslede), het wye konsultasie regoor kampus geniet voor dit in 2013 aan die Senaat en die Raad voorgelê is.

Die formulering en uitvoering van die Beleid oor Konflik van Belange is deel van die volgehoue poging om te verseker dat die US voldoen aan internasionaal erkende standaarde van goeie korporatiewe bestuur en professionele praktyk. Sodanige beleid is nie net noodsaaklik om die bewustheid en toepassing van goeie korporatiewe bestuur te verseker nie, maar die implementering daarvan is van uiterste belang om te verseker dat die US kan voortgaan om groot navorsingstoekennings en ander fondse van regoor die wêreld te ontvang en te bestuur. Ons befondsers wil toenemend verseker wees dat ons aan die hoogste moontlike standaarde van goeie korporatiewe bestuur voldoen – en die verantwoordbare bestuur van potensiële konflikte van belange is een van die deurslaggewende stukke van hierdie legkaart.

**Wat is konflik van belange[1]?**

Volgens *Wikipedia* ontstaan 'n konflik van belange wanneer 'n individu of organisasie verskeie belange het waarvan een moontlik die motivering kan belemmer. Dit is belangrik om te beklemtoon dat die teenwoordigheid van 'n potensiële konflik van belange onafhanklik is van die voorkoms van ongerymdhede. 'n Konflik van belange kan dus onthul word en vrywillig opgelos word voor enige korrupsie ontstaan.

'n Definisie wat algemeen gebruik word lui: 'n Konflik van belange is 'n reeks omstandighede wat die risiko laat ontstaan dat professionele oordeel of aksies rakende 'n primêre belang onbehoorlik deur 'n sekondêre belang beïnvloed kan word[2].

*Wikipedia* verduidelik dat "primêre belange verwys na die hoofdoelwitte van die beroep of aktiwiteit, soos die beskerming van kliënte, die gesondheid van pasiënte, die integriteit van navorsing en die pligte van openbare ampsdraers. Sekondêre belang sluit nie net finansiële belang in nie, maar ook ander motiewe soos die soeke na professionele bevordering en die begeerte om gunste vir familie en vriende te doen. Konflik van belange reëls fokus egter gewoonlik op finansiële verhoudings omdat hulle betreklik meer objektief, vervangbaar en kwantifiseerbaar is.

[1] Uit Wikipedia, die vrye ensiklopedie – http://en.wikipedia.org/wiki/Conflict_of_interest

[2] Lo & Field (2009). Die definisie is oorspronklik in Thompson (1993) gebruik.

Sekondêre belange word nie as sodanig verkeerd beskou nie, maar word bevraagteken wanneer dit blyk asof die sekondêre belange groter gewig dra as die primêre belange. Die konflik in ʼn potensiële konflik van belange situasie bestaan, of die betrokke individu werklik beïnvloed word deur die sekondêre belang of nie. Die konflik van belange bestaan indien daar redelikerwys aanvaar word (gebaseer op vorige ervaring en objektiewe bewyse) dat die omstandighede die gevaar inhou dat besluite onbehoorlik deur sekondêre belange beïnvloed mag word."

Hieronder is voorbeelde van die mees algemene konflik van belange situasies[3]:

- Selfverryking, waarin ʼn amptenaar wat ʼn organisasie bestuur meebring dat die organisasie ʼn transaksie beklink met die amptenaar of met ʼn ander organisasie wat die amptenaar bevoordeel. Die amptenaar is aan beide kante van die transaksie.
- Buitenstydse werk, waarin die belange van een werk in stryd is met dié van die ander.
- Familiebelange, waarin ʼn gade, kind of ander naasbestaande in diens is (of aansoek doen vir indiensname) of waar goedere of dienste van sodanige familielid gekoop word of van ʼn firma wat deur die familielid bestuur word. Om hierdie rede vra baie werksaansoeke of die persoon verwant is aan ʼn huidige werknemer. Indien wel, kan die familielid onttrek van enige aanstellingsbesluite. Sodanige konflik van belange staan as nepotisme bekend.
- Geskenke van vriende wat ook besigheid doen met die persoon wat die geskenke ontvang. Sodanige geskenke mag nie-tasbare items soos vervoer en verblyf insluit.

**Die US se Beleid oor Konflik van Belange en die uitvoering daarvan**

Die US se Beleid oor Konflik van Belange maak spesifiek voorsiening vir die bekendmaking en behoorlike bestuur van enige potensiële konflikte van belange van sy lede. Die kernboodskap wat die beleid wil tuisbring is: ***Indien jy twyfel, verklaar!*** Dus, as u tydens die lees van hierdie artikel uself afvra of dit dalk nodig is om u sekondêre belang(e) amptelik bekend te maak, is hierdie vraag reeds bevestigend deur die US beleid beantwoord. Soos met alle ander dinge in die lewe is voorkoming baie beter as genesing!

Sodanige verklaring aan u direkte lynbestuurder en die gevolglike toepassing van gepaste bestuursmaatreëls sal nie net help om die US se reputasie as eties verantwoordbare instelling te beskerm nie, maar sal ook die aktiwiteite en reputasie van elke lid van die instelling beskerm. Dit is dikwels moeilik vir diegene wat direk of baie nou by ʼn transaksie betrokke is om ʼn potensiële konflik van belange raak te sien asook wat gedoen moet word om enige ware konflik van belange te vermy. Dit is hoekom die potensiële konflik van belange verklaring en die bestuursplan normaalweg goedgekeur word deur twee vlakke van lynbestuur bo die persoon wat die potensiële konflik van belange bekend maak.

Ná so ʼn verklaring van belange is daar ʼn paar maniere waarop ware konflik van belange vermy kan word. Dit sluit in die volkome vermyding van ʼn transaksie, onttrekking van ʼn besluitnemingsproses, asook moontlike onafhanklike derdeparty evaluasies. Die gewenste uitkoms is dat alle werklike konflik van belange situasies aan die US vermy sal word, deur die gepaste besluitnemings- en bestuurstrukture in plek te stel vir enige transaksies waar ʼn potensiële konflik van belange mag ontstaan. Hoewel die verklaring van konflik van belange nuut mag wees vir baie omgewings binne die US, is daar natuurlik universiteitsomgewings waar prosesse om konflikte van belange te mitigeer al vir baie jare in plek is.

---

[3] Uit Wikipedia, die vrye ensiklopedie – http://en.wikipedia.org/wiki/Conflict_of_interest

Dit is belangrik om daarop te let dat die verantwoordelikheid vir die toepassing van die US se Beleid oor Konflik van Belange by elke individu en by elke operasionele eenheid binne die universiteit berus. Die nodige prosesse vir die toepassing van die beleid moet binne elke akademiese departement, navorsingseenheid, fakulteit of steundiensomgewing ingestel word.

Die US se Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) is aangestel as die kurators van die Beleid oor Konflik van Belange. Dit beteken eenvoudig dat die afdeling verantwoordelikheid neem vir bewusmaking oor en hersiening van die beleid, sowel as vir die verlening van advies en leiding rondom die toepassing van die beleid. As deel van die bestuur van alle navorsingskontrakte word die konflik van belange bekendmaking ingesluit in die verklaringsbrief wat by elke navorsingskontrak aangeheg word. Die afdeling sal ook die toepassing van die beleid monitor, in samewerking met die Dekane en Afdelingshoofde. Eksterne oudits word vind jaarliks plaas, aangesien daar streng reëls in die Wet op Hoër Onderwys t.o.v. die vermyding van konflik van belange in die hoëronderwyssektor, gestipuleer is.

*Neem asb. kennis dat die Oracle stelsel nie as die offisiële Konflik van Belange verklaringstelsel sal dien nie, soos wat in die Beleid gemeld word nie. Daar word van aparte verklaringsvorms gebruik gemaak, beskikbaar by die skakels wat hier onder voorsien word. Die finaal getekende vorms moet ingedien word by Me. Malherbe (cvdm2@sun.ac.za), aangesien ANO verantwoordelik is vir die rekordhouding van alle Konflik van Belange verklarings.*

'n Kopie van die beleid, asook die verklaringsvorms, kan hier verkry word:

Vir Afrikaanse weergawe:

http://www.sun.ac.za/afrikaans/research-innovation/Research-Development/policies-guidelines

Vir Engelse weergawe:

http://www.sun.ac.za/english/research-innovation/Research-Development/policies-guidelines

Vir enige advies rakende die toepassing van die Beleid oor Konflik van Belange in u eie omgewing, kontak gerus Dr. Therina Theron, Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie (ttheron@sun.ac.za) of Me. Cornelia Malherbe, Direkteur: Navorsingskontrakte, Afdeling Navorsingsontwikkeling (cvdm2@sun.ac.za) .